# 28 Mei 2023 - Lesing 33 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

Handelimge 2

*1 EN toe die **Fees van die Weke** aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.*

*2 En daar kom skielik uit die Hemele 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en sy het die hele huis gevul waar hulle gesit het.*

*3 Toe is deur hulle **Tonge gesien soos van Vuur**, wat Haarself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.*

*4 En hulle is almal **vervul met die Gees van die Apartheid** en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.*

*7 en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie **Galileërs** nie?*

*8 **En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?***

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Die aarde het 'n plek van verderf geword –** 3/7/57

6864 Die teenstander van God span nou al sy vasalle (menslike houers) in om in die laaste stryd op hierdie aarde te veg vir die oorwinning - en die duisternis van hierdie wesens laat hulle ook aan 'n oorwinning glo. Weliswaar het Satan met sy helpers meer sukses by die mense op aarde as die bodes van God en dit des te meer hoe nader die laaste dag van hierdie aarde naderkom. Dog die skynbare oorwinning is vir hom 'n sekere en gewisse verlies, want almal wat hy meen om te gewen het, word weer aan sy invloed onttrek, om met die doel vir 'n hernieude positiewe ontwikkeling, opnuut in die materie geban te word.

Die aanhangers van Satan het in hul lewe op aarde weer so diep weggesink, dat hul geestelike substansie hulself verhard het, sodat hierdie wesens weer hul ek-bewussyn kwytraak en in afsonderlike partikeltjies opgelos nogmaals die gang oor die aarde moet gaan.

In die laaste tyd voor die einde is daar **baie minder-waardige wesens op die aarde beliggaam**. Dit word deur God toegelaat, want ook hulle moet die moontlikheid gegee word om verlossing, tydens hul gang oor die aarde as mens, deur JaHshua te vind. Maar op enkele uitsonderinge na, maak hierdie wesens alleen maar van die geleentheid gebruik om in 'n slegte sin op hul medemens in te werk. Ja, hulle gee selfs openlik en vrymoedig toe dat hulle aan die teenstander van God behoort en daarom sal op hulle ook dieselfde lot wag as vir hom, naamlik om weer vir 'n eindelose lang tyd gekluister te word.

Elke laagstaande wese sou waarlik verlossing kan vind, omdat hy op aarde ook kennis oor JaHshua Messias verkry en hy homself daarom maar net aan Hom hoef oor te gee **om vry te word van sy huidige meester**. Maar hierdie wesens is byna almal boos tot in die grond van hul hart en **gevul met 'n sataniese gees**. En hiermee werk die vyandige vors waarlik met sukses, deurdat hy vir baie mense die terugkeer na God bemoeilik. Die invloed op die mense deur hierdie bose wesens is groter as die van die ligwesens wat in opdrag van God ook onophoudelik op aarde werksaam is. Want ook baie ligwesens is met die oog op hierdie situasie **ewe-eens in die laaste tyd op aarde beliggaam.**

Want die Meester en Satan stry beide om die siele van die mense, beide wend ook alle middele aan wat hul ten dienste staan om invloed op die siele uit te oefen. En omdat die tyd van die einde steeds naderkom, sal julle mense ook steeds meer deur die vyandige mag bedreig word. Steeds openliker sal die werksaamheid van sataniese kragte aan die lig kom en steeds seldsamer sal daar rus en vrede onder die mense te vinde wees en selfs hulle wat vrede soek, sal hulself nie kan beskerm teen die invloed van hierdie magte nie.

Maar julle moet julle nie laat meesleep nie, julle moet alles berustend verdra en steeds net tot God om bystand roep. Julle moet julle vol vertroue aan alle goeie geeste oorgee, **dat hulle die stryd besleg waar die onvermydelike blyk te wees**, want dit is die vernaamste middele van die teenstander, dat hy die mense teen mekaar ophits en hulle onrustig maak deur die vrede te versteur. En hy vind ook baie mense wat hom daarmee behulpsaam is, wat deur hul dade bewys dat hulle aan hom behoort, dat hulle hul nie daarteen kan verweer wanneer hulle deur sataniese kragte in besit geneem word nie en dat hulle dan ook nog bereidwillig uitvoer wat hy van hulle verlang. Dit is waaragtig afskuwelike dinge, soos dit alleen maar in die hel uitgebroei kan word, **sodat aan die einde byna alleen nog net ware duiwels die aarde sal bevolk** - en daar vir die weinige, goeie, gelowige en God-getroue mense geen plek meer sal wees nie.

Die aarde het 'n plek van verderf geword en sy moet daarom van die gebroedsel uit die hel gesuiwer word. Want sy moet die geestelike as verblyfplek dien om ryper te word, dit wat kort voor hul voltooiing staan, dog spoedig sal sy geen moontlikheid daartoe meer kan bied nie. En daarom vind daar 'n geweldddadige suiweringsaksie plaas - en wat die teenstander van God meen om te gewen het, word weer aan sy mag onttrek. **Die nuwe skeppings** sal die gevalle geestelike weer opneem, die teenstander sal met sy aanhang **gebind word** - en dan sal daar op die nuwe aarde, wat waarlik as 'n paradys sal verrys, vir al diegene wat God tot aan die einde toe trou gebly het, weer vrede wees. Amein.

Openbaring 20

*1 EN ek het 'n Boodskapper uit die Hemele sien neerdaal, met die **sleutel van die Afgrond** en 'n groot ketting in sy hand. 2 En hy het die Draak gegryp - die ou slang/Nagash wat die duiwel en die Satan is - en hy het hom **gebind duisend jaar lank,***